

Sing vooraf staande: Psalm 131:1, 2, 3 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgeenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.
- 3 Laat Isr'el op die HEER vertrou, / sy hoop op Gods ontferming bou,
en stil berus in sy beleid / van nou af tot in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroom is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Psalm 25:1, 2 (p. 115)

- 1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertrou wandel,
maar U dek hul met u smaad / wat hier trouelooslik handel.
- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Skriflesing: Psalm 25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 49

Kernvers: Psalm 25:4-5

Dalet HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. He Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. (Psalm 25:4-5 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 124: Wat is die derde bede?

Antwoord: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).

(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Efes 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.

Tema: Here, maak ons onvoorwaardelik gehoorsaam aan U

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is deesdae omtrent 'n kuns om te verdwaal. Daar is so baie hulpmiddels tot ons beskikking om van punt A tot punt B te reis. Op die rekenaar kan jy na Google Maps toe gaan en as jy die roete van een plek na 'n ander vra, kry jy dit binne sekondes en soms ook nog alternatiewe roetes. Jy kan die roete vir jou uitdruk en elke afstand tot by die volgende afdraai word in meters vir jou aangedui. Of as jy bevoorreg is om 'n navigasietoepassing op jou selfoon te hê, het jy die roetekaart in die palm van jou hand. Dan is daar ook nog die wonderlike toestelletjie wat ons GPS noem wat ons in die motor kan sit. En as jy miskien verkeerd afgedraai het, baklei die toestelletjie nie eens nie. Hy gee ewe vriendelik net die volgende afdraai aan. Dit is regtig 'n kuns om te verdwaal.

'n Mens wens alles in die lewe was so maklik soos Google Maps of 'n GPS. Ons mense het nogal rigtingwysers nodig om goeie besluite te neem en ons te navigeer tussen die kinkels en kronkels in die lewe. En dan praat ons nie net van die groot besluite in die lewe wat ons moet neem nie. Ons weet reeds dat die keuse van 'n beroep of 'n huweliksmat 'n moeilike en verantwoordelike proses is. Dit is immers 'n keuse waarmee jy vir baie lank of vir die res van jou lewe sal moet volhou.

Selfs in ons daaglikse lewe kom ons voor 'n eindelose hoeveelheid keuses te staan. Dit is besluite soos wat ek in hierdie situasie vir hierdie moet mens sê, watter gesindheid ek in hierdie gesprek moet openbaar, watter gewoontetjies ek moet afleer en watter gewoontes ek eerder moet aanleer. Dit gaan selfs oor besluite soos wat ek met hierdie uur of twee gaan doen wat ek nie werk het nie, of wat ek hierdie maand gaan doen met die ekstra paar rand wat as meevaller van die Ontvanger gekom het.

Dit klink alles na klein en onbenullige goedjies, maar om koers tussen al hierdie baie keuses te hou is nie so maklik nie. Dit is nie so maklik nie, want ons hart is maar geneig om na die verkeerde kant toe te gaan. En hoe dikwels gebeur dit dat ons van koers af gaan oor daardie een verleiding waarop ons nie bedag was nie. As Christene weet ons dat ons konstant nugter en waaksaam moet wees oor die koers van ons lewe en tog gebeur dit dat ons so dikwels ons lewe op "auto pilot" sit. Ons weet mos wat die regte ding is om te doen, want ons ken die Bybel en ons ken die Here en daarom toer ons rustig voort deur die lewe – amper toeoog.

Jesus Christus leer ons daarom met goeie rede om te bid: **Ons Vader wat in die hemel is, laat u wil geskied**. Daarmee vra ons die Here dat sy goeie wil die rigting aan ons lewe sal gee. Ons vra dat die Heilige Gees ons sal help om bewustelik Jesus Christus in sy voetspore te volg en dat ons dit altyd sal doen. Dit is ook Dawid se gebed in Psalm 25. Hy bid om die Here se rigting vir sy lewe te leer ken:

HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. (Psalm 25:4-5 AFR53)

Broers, susters en kinders, om te verdwaal is een van die dinge wat 'n verhouding behoorlik kan toets. Vra maar vir elke egpaar wat al verdwaal het. In sulke omstandighede sal die bestuurder gewoonlik sê dat die navigeerder nie die pad goed genoeg verduidelik het nie of te laat gesê het dat daar afgedraai moes word. Die een wat die pad beduie, sal gewoonlik sê die bestuurder luister nie mooi nie of reageer te laat.

By hierdie derde bede kan ons aanvoel dat die spanning ook maar hoog kan loop. Luister net wat vra ons wanneer ons die Here vra dat sy wil moet geskied: **Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees**. Tussen ons en die Here is daar 'n duidelike verskil oor die koers wat gevolg moet word. Ons dink gewoonlik waarheen ons moet gaan, maar God weet waarheen ons moet gaan.

Dit is 'n verskil met werklike gevolge. Dit is nie so dat die een roete in die lewe meer besienswaardighede het en die ander roete baie korter is nie. Van nature wil ons ons eie roete kies, want ons dink dat dit vir ons beter sal wees om uit te kom by die plek waarheen ons op pad is. Tog weet ons dat die Here Jesus self sê dat die pad wat ons gewoonlik kies die een is wat op die dood uitloop. Dit is 'n hoofpad na die dood.

Ons almal ken mos daardie innerlike stryd. Daar is die nuwe sitkamerstel wat jy wil koop en jy het nou al lank daarvoor gespaar. Maar nou hoor jy dat dit die laaste een op die vloer is en jy kort nog net 'n honderd of twee honderd rand en dan kan jy dit koop. Jy weet ook dat as jy dit nou gaan koop jy geld sal moet wegvat van jou dankoffer. Wat moet jy nou doen? Jy wil baie graag hierdie program op TV kyk, maar dit hou eers in die vroeë oggendure op en môre moet jy gaan werk. Wat gaan jy nou doen? Jy sien dat hierdie medegelowige regtig nou ondersteuning van jou nodig het, maar dit is nie nou vir jou geleë nie, want dit gaan inbreuk maak op jou tyd. Wat gaan jy nou doen?

Hoevele kere het ons nie al in sulke situasies gekom nie. Ons stoei om by die regte antwoord uit te kom. Gaan ek doen wat ek graag wil? Gaan ek die maklikste uitweg in die situasie kies? Gaan ek maar net my oogklappe aansit sodat ek net my eie voordeel raaksien? Of gaan ek die regte ding doen? Gaan ek doen wat die Here in sy Woord vir my sê? Selfs in baie van die klein dingetjies waarvoor ons besluite moet neem, kom ons by hierdie basiese keuse uit. Gaan ek links of regs draai? Gaan ek goed doen of kwaad? Gaan ek vir die Here luister of vir myself?

En die verleiding om die verkeerde ding te doen, is heeltyd in ons teenwoordig. Uit die Bybel leer ons onself ken as mense wat geneig is om God en ons naaste te haat. Dit is soos 'n motor waarvan die wielsporing uit is. Jy moet regtig aan die stuurwiel hang sodat die motor nie van die pad af loop nie. Van nature neig ons na ons eie wil toe in plaas van na die enigste goeie wil van God toe.

Dawid het ook hierdie stryd geken. Ons hoor dit regdeur hierdie gebed in Psalm 25. Dawid begin om na die Here op te kyk:

Tot U, o HERE, hef ek my siel op. My God, op U vertrou ek; (Psalm 25:1-2a AFR53)

Vir die rigting van sy lewe vertrou Dawid die Here. Hy wil die Here gehoorsaam. Maar dit is nie maklik nie, want die getrek na die ander kant toe is daar as hy sê:

laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande oor my nie juig nie.

(Psalm 25:2b AFR53)

Ons weet nie wat die omstandighede was waarin Dawid verkeer het nie, en ook nie wie hierdie vyande was nie. Hierdie vyande kon mense wees wat nie wou hê dat Dawid as koning erken word oor die hele volk van die Here nie. Waarskynlik het hulle allerhande onwaarhede oor Dawid versprei om hom daarmee uit te lok tot 'n reaksie. Sodoende kon hulle na aanleiding van sy reaksie toon dat hy nie regtig koning kon wees oor die volk van die Here nie.

Ons weet mos dat sulke mense uitgeslape is. Indien Dawid nie reageer nie, gaan die vyand die laaste sê oor sy karakter hê. Reageer hy wel, kan hulle miskien net nog skiet-goed kry om hom verder in onguns te bring. Daarom bid Dawid dat die Here aan hom sy weë bekend moet maak en sy paaie vir hom leer. En hy vra om in die Here se waarheid gelei te word sodat hy nie sondig nie. Dawid ken homself as 'n sondaar. Hy weet dat hy in die verlede al verkeerd gereageer het. Hy het vroeër sy eie kop gevolg en nie op die Here vertrou nie. Daarom bid hy:

Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie.

(Psalm 25:7 AFR53)

'n Mens moet jousef werklik verloën om so te bid. As Christene kan ons so maklik dink ons het alles redelik onder beheer. Ons weet wat om te doen in moeilike situasies. Maar dit is juis in die moeilike situasies dat ons eerder moet bid met die erkenning dat ons nie regtig weet wat die regte ding is om te doen nie. Ons weet immers hoe ons ook in die verlede al hardkoppig ons eie koers gegaan het en nie na die Here geluister het nie. Daarom kan ons maar bid: Ons Vader wat in die hemel is, help my dat ek nie weer my eie wil doen soos ek dit sovele kere vantevore gedoen het nie. Help my om my hardkoppigheid te oorwin en my alleen aan u wil te onderwerp.

Om hierdie derde bede opreg te bid is 'n stryd, want ons bid teen onself in. Here, laat u wil geskied, selfs al dink ek ek weet wat ek nou moet doen. Laat u wil geskied, selfs al trek my hele menswees in 'n rigting waar ek gou my eie sin kan kry. Laat u wil geskied, selfs al trek my sondige geaardheid my terug na daardie kamma lekker gevoelens van vroeëre sondes.

Hierdie derde bede is ook 'n gebed dat die Heilige Gees met die Woord volle beheer van ons gedagtes, woorde en werke moet oorneem. Dit is nie altyd so maklik om 'n duidelike lyn tussen reg en verkeerd te sien nie. Dit is net so moeilik om raak te sien wanneer ons eie gedagtes rebelleer teen die Here in hierdie worsteling om te weet wat om te doen. Daarom roep Dawid ook tot die Here:

Aanskou my ellende en my moeite, en vergeef al my sondes.

(Psalm 25:18 AFR53)

Geliefdes, ons weet die sonde lê net in 'n volgende gedagte of woord. In 'n oomblik kan 'n mens die verkeerde besluit neem en dan het 'n mens jou eie kop gevolg in plaas van om te doen wat die Here wil. Mag die Heilige Gees ons versterk sodat ons die moed sal hê om ons eie wil te laat staan en net die wil van die Here te doen.

Baie maal wanneer ons in situasies kom waar ons 'n keuse moet maak, is dit vir ons duidelik wat ons nie moet doen nie. Ons weet dat ons niks en niemand belangriker mag ag as God nie, ons moenie wegbly van die eredienste en ander samekomste van die gemeente nie, ons moenie opvlieënd wees nie, ons moenie aan gierigheid en selfsug toegee nie. Ons ken die groot reëls van wat reg en verkeerd is. Maar hoe kan ons weet wat God se wil in 'n spesifieke omstandigheid is? Hoe gaan ons die voorskrifte van die Here praktyk maak tussen daardie moeilike mense saam met wie ons werk? God se wil is nie altyd so klinkklaar en helder vir ons in elke omstandigheid nie.

Hier in ons Kategismus bely ons dat ons soos die engele in die hemel gewillig en getrou die Here se wil moet uitvoer. Maar wat dit betref is die engele meer bevoorreg as ons. Hulle is in die hemel. Die Here praat direk met hulle. Hulle hoor sy opdragte helder uit sy mond uit. Soms wens gelowiges dat hulle ook so direk die Here se opdrag kan hoor. Of miskien wens hulle dat die Here in 'n droom vir hulle die rigting sal aandui, soos vir Josef toe hy daaraan gedink het om van Maria te skei. As die Here maar net 'n kaart aan ons gegee het waarop die detail van ons lewens uiteengesit was, dan sou ons makliker die regte keuses kon maak. Maar nou weet ons dit is nie hoe dit gebeur nie.

Daar is goeie rede hoekom die Here sy wil nie so aan ons bekend maak nie. As Hy byvoorbeeld 'n kaart vir ons gegee het waarop ons lewe in detail uiteengesit was, sou ons aan daardie kaart vasgeklou het. Die Here wil nie hê ons moet aan iets anders vasklou nie. Hy wil hê ons moet van Hom alleen afhanklik wees. Het ons so 'n kaart vir ons lewe gehad, sou ons nie eers meer die nodigheid daarvan ingesien het om met die Here 'n verhouding te hê nie en sou ons ook nie meer met Hom in gebed gepraat het of na sy wil gesoek het in sy Woord nie.

Die Here wil hê dat ons by Hom na sy wil moet vra. En baie maal maak Hy sy wil net vir daardie dag aan ons bekend, of miskien net vir die volgende tree en die volgende verpligting wat ons teenoor Hom het. Die Here wil hê dat ons naby Hom sal lewe.

Petrus het in sy eerste brief aan mense geskryf wat as slawe en bediendes by heidene gewerk het. Sommige van daardie heidene was vriendelik en goed teenoor hulle bediendes, maar ander was onredelik. En aan hierdie bediendes het die Here die opdrag gegee om ontsag vir hulle base te hê, of hulle nou vriendelik was of onredelik. Ons kan aanvoel dat hierdie Christene dit ook moeilik gehad het om God se wil in elke situasie van elke dag te ken en te doen. Maar Petrus gebruik hierdie veelseggende beeld in die onderrig:

Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstap kan navolg; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie; wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel; wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is. Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele. (1 Petrus 2:21-25 AFR53)

Vir Jesus was die wil van sy Vader nie 'n bysaak nie. Male sonder tal het Jesus gesê dat Hy gekom het om sy Vader se wil te doen. En God se wil is om mense deur die kosbare bloed van sy Seun te verlos (vanaand gaan ons uit Hebreërs onder andere juis dit hoor). Die wil van die Vader was dus vir Jesus nie 'n bysaak soos 'n nagereg nie. Die wil van God is sy voedsel – Hy lewe daarvan om sy Vader se wil te doen (Joh 4:34).

En die wil van sy Vader was nie altyd vir Hom ewe maklik nie, want Hy is nie net ware God nie, Hy is ook ware, regverdige mens. As ware mens was daar een keer wat Hy self benoud was en gesê het dat Hy tot die dood toe diep bedroef was oor die wil van sy Vader wat Hy moes kom doen (Matt 26:37, 38). Toe het Hy drie maal gebid:

Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied! (Lukas 22:42 AFR53)

Christus was tot die dood toe diep bedroef – nie oor die liggaamlike lyding wat vir Hom gewag het nie maar omdat Hy geweet het dat dit deel van sy Vader se wil was dat Hy van sy Vader verlaat sou wees. Sy Godheid het egter sy mensheid versterk sodat Hy gehoorsaam enduit kon voortgaan om die straf op die sonde te dra – ook die straf op my en jou sonde van ons eie kop volg en nie na die wil van God wil luister nie. Hy het ons sondes aan die kruishout gedra, sê Petrus, sodat ons die sonde kan afsterf en vir die geregtigheid kan lewe – sodat ons Hom kan navolg in sy voetstappe. Daarom gaan ons soms net die volgende tree kan sien waar God ons agter Jesus aan wil laat tree, so naby dring die Heilige Gees ons teen Christus aan.

Nou hoe bring die Heilige Gees ons so teenaan Christus? Kyk weer na ons kernverse:

Here, maak my u weë bekend; leer my u paaie. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. (Psalm 25:4-5 AFR53)

Let op dat Dawid nie 'n teken of 'n stem uit die hemel vra nie. Hy vra dat die Here aan hom sy weë sal leer. Die weë of paaie van die Here verwys altyd na die Here se verbondsvoorskrifte soos dit opgeteken is in die Bybel. Dawid vra dus insig in die Woord van die Here.

Dit is met die Woord waarmee die Heilige Gees ons teenaan Christus bring om sy voetstappe te volg. Let ook op dat daar van *leer* gepraat word. Dit beteken dat 'n mens nie in 'n japtrap die antwoord gaan kry nie. Volhardend moet ons lees en luister. Ons moet ons gedagtes vol maak met die Woord van die Here. En hoe meer ons gedagtes vol word van die Woord, hoe meer begin ons in pas met God te dink oor sake. En die voordeel van hierdie volhardende bestudering van God se Woord is dat die Heilige Gees dit al vaster in 'n mens se hart inskryf. As daardie situasie dan skielik op 'n mens toeslaan waar jy 'n keuse moet maak, dan is jy al grootliks voorberei.

Dan kan jy doen waarvan die Heilige Gees jou oortuig het God se wil is. Dit sê nog nie dat die doen van God se wil vir jou dan altyd aangenaam gaan wees nie. Jesus se onderwerping aan sy Vader se wil was beslis nie aangenaam nie – sy Vader het Hom verlaat in daardie donkerste ure aan die kruis. Christus het alleen die smarte van die hel ondergaan. Alhoewel die doen van God se wil miskien nie op daardie oomblik vir ons aangenaam is nie, weet ons ten minste dat ons gehoorsaamheid aan sy wil nie vir ons daarop sal uitloop dat God ons sal verlaat nie. Die Here is immers die God van ons heil, sê Dawid. God se wil is daarop gemik om ons nader aan Hom te bring sodat ons Hom kan verheerlik. Ter wille van sy Seun sal Hy die gelowiges nie verder van Hom laat wegdryf wanneer hulle Hom gehoorsaam nie.

Ons weet almal daar is 'n verskil tussen die wil van God ken en die wil van God doen. Die Here wil hê ons moet sy wil ken, daarom het Christus sy Gees en Woord aan ons gegee. Christus leer ons bid ***Laat u wil geskied*** nie net sodat ons die wil van ons Vader sal ken nie, maar – let op hoe bely ons dit – ***sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan uitvoer soos die engele in die hemel.*** Dit gaan vir die Here uiteindelik daaroor dat ons die wil van ons Vader in die hemel doen. Dan eers verheerlik ons God

behoorlik. Dan eers kan ons die vrugte sien en verseker weet dat ons die ware geloof ontvang het. Dan eers kan ons ander mense nader aan ons goeie God trek om ook sy wil te ken en te doen.

Broers, susters en kinders, as ons dan sê dat ons kinders van God is, soos ons ook vanoggend bely het, sal ons aanhoudend smee dat die Here se wil in en deur ons sal geskied. Deur ons gehoorsaamheid aan sy wil sal die waarheid van ons belydenis bevestig word, want Jesus Christus sê self:

Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

(Matteus 7:21 AFR53)

Amen!

Slotgebed

Psalm 25:6, 7 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.
- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 Maart 2015